# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

**Februarie 2025**

*Nuwe Lewe*



*"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees."*

*Hand 1:8*

LICHTENBURG KLIPKERK

WÊRELDFOKUS 2025
REGISTRASIE KERKKANTOOR
083 557 5857

# *LICHTENBURG KLIPKERK*

*BIED AAN*

# *NUWE LEWE KONFERENSIE!*

*SAAM MET*

## *DS WILLEM BADENHORST*

## *28 FEBRUARIE 2025 – 2 MAART 2025*

**VRYDAG 28 FEBRUARIE 2025: 18:00 – 21:00**

*GOD BRING NUWE LEWE!*

**SATERDAG 1 MAART 2025: 8:00 – 13:00**

*GEBED BRING NUWE LEWE!*

*DIE HEILIGE GEES BRING NUWE LEWE!*

*DIE WOORD BRING NUWE LEWE!*

**SONDAG 2 MAART 2025 EREDIENS: 9:30**

*HET GOD JOU NODIG?*

WÊRELDFOKUS 2025
DONASIES WELKOM

# KLIPKERK SENDING GESKIEDENIS

**Eerste Sending Aksies**
Die eerste sendeling in die Lichtenburg gebied was eerwaarde HW Schulenburg wat in 1871 ’n sendingstasie op Rooijantjesfontein, ongeveer 25 km suid van Lichtenburg, begin het.

Reeds in die tyd van ds HJL du Toit het die Gemeente begin aandag gee aan sendingwerk. Wouter de Wet het sedert die vroeë 1890’s dienste op Manana vir die plaasgemeenskap gehou en einde 1898 tree evangelis, Paulus in diens van die Gemeente.

In 1908 beroep die Gemeente sy eerste sendeling, eerwaarde CA Roode. In 1914 word eerwaarde Roode as sendeling na Portugees-Oos-Afrika gestuur, maar in 1916 ontvang hy sy ontslag weens die moeilike omstandighede in die gebied waar hy geplaas is. Op 6 Mei 1917 word eerwaarde Roode weer as plaaslike sendeling in die Gemeente bevestig.

In 1908 word die Manne-Sendingbond en kort daarna die Vroue-Sendingbond in die Gemeente gestig. Die doelstelling was om sendingwerk binne sowel as buite die grense van die Gemeente te bevorder.

Tydens die toeloop van tienduisende mense na die delwerye in die 1920's en 1930's, het die Gemeente hierdie mense onder moeilike omstandighede bedien. In 1928 het die Gemeente ’n eie evangelis, te wete AZ Mokuele, daar gevestig. Die gemeenteleraar, ds Piet du Toit het self ook op die delwerye dienste gehou en huwelike voltrek. In 1930 is ds Piet Lourens as hulpprediker op die delwerye aangestel. En in 1933 word eerwaarde J de Beer as ringsendeling georden.

Sendingkerke en skole is deur plaasboere op verskeie plase, soos Manana en Grootpan, opgerig.

**Botie van Magwero en Mina Stoffberg**
Ellie Botes, lidmaat van die gemeente, vertrek in 1912 na Midde-Afrika as sendeling. Sy begin in 1918 die skool vir blindes in Magwero, Zambië. (Hierdie skool vir blindes in Magwero bestaan steeds.) Mej Botes vertaal die Evangelie van Johannes in die Nyanja-taal en in Brailleskrif, en gee self ook onderrig in Nyanja asook in Braille.

Mej Stoffberg, vanaf 1938 as sendeling werksaam in Zambië waar sy ’n inrigting vir melaatses begin.

**Sending in Sri Lanka**
Die sendingwerk in Sri Lanka dateer terug na die Boerekrygsgevangenes wat tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, na Ceylon gestuur is. Ds A de Klerk, en later ds Skeen volg na die oorlog die werk van die Boerekrygsgevangenes op.

Na baie jare hervat die Wes-Transvaalse Sinode, olv ds Japie du Plessis (Delareyville), ds Eddie Botha (Klipkerk) en ds Willem Annandale ((Lichtenburg Wesgemeente) die sendingwerk in Sri Lanka op uitnodiging van Ds Thurairajah.

**Bybelkiosk – ’n Droom wat werklikheid geword het**
Een nag het ds Botha ’n duidelike beeld gesien van ’n Bybelkiosk by die busterminus van Lichtenburg – ’n punt waar ongeveer ’n half-miljoen mense per maand vanaf Bophuthatswana verbybeweeg het.

Die droom het werklikheid geword met die inwyding van die Bybelkiosk op Sondag 13 Mei 1979, en die Evangelie is daagliks aan duisende mense gebring. Gesprekke is gevoer, gratis leesstof beskikbaar gestel, Bybels en ander geestelike boeke verkoop en geestelike musiek oor luidsprekers gespeel. Pieter Prinsloo, ouderling van Klipkerk het die Bybelkiosk beman tot in die laat 1990’s. Vir ’n tyd het ’n plaaslike werker die Kiosk beman totdat ’n brand die Kiosk in puin gelê het.

# *KLIPKERK SENDING GESKIEDENIS -vervolg*

Uit verskeie dele van ons land het navrae oor die Kiosk gekom; selfs uit Engeland was daar 'n navraag en 'n soortgelyke Bybelkiosk is in die Wes-Einde van Londen opgerig. Die klein liggie wat op Lichtenburg aangesteek is, het voorwaar deur God se genade ver geskyn.

**Sendingvisie word uitgebou**
Sam Salva Raj, 'n leraar van Indië, het die Klipkerk in 1995 besoek en oor die Jesusfilm getuig wat effektief as evangelisasiemiddel in Sri-Lanka gebruik word. In dieselfde week daarna nog, is die Jesusfilm -span gestig wat in die omgewing begin uitreik het. Die filmspan het later ook na Botswana uitgereik in die nedersetting Leporung. Dit is ook hier waar 'n gemeente 'n ruk later geplant is.

Die Wêreldfokus aksie van die gemeente wat in die laat 1990's ontstaan het, het die Amos-projek onder plaaswerkers, Hospitaal bediening, Lichthuis bediening, Taxi bediening, uitreik met Jesus Film op plase, die sopkombuis, en die Aksie-Uitreik na Botswana ingesluit. Dienste wat reeds baie jare elke Sondag op Manana, Grootpan, Duikerfontein, Carlisonia en Welverdiend gehou is, het voortgegaan..

Lande wat deur Wêreldfokus sendelinge bereik is, sluit oa Indië, Botswana, Zambië, verskeie ander lande in Afrika, Madagaskar, Frankryk, Rusland en Noord Masedonië in. Sedert 2010 het Klipkerk se sending betrokkenheid na die Midde-Ooste, insluitende Turkye, en ook Mosambiek uitgebrei.

Soli Deo Gloria.

*Bronne: Die Klipkerk, Lichtenburg. Eeufees Album, Mei 1985*
*Die Klipkerk Gemeente, Lichtenburg 1885 –2010*

*"We talk of the Second Coming; half the world has never heard of the first." —Oswald J. Smith*




*Sending spaarbussie wat deur die destydse Vroue-Sendingbond gebruik is.*
*Hierdie spaarbussie het aan Mev Grietha du Preez (Greeff) behoort.*

# KLIPKERK SENDELINGE
# 2025



Dr Gerard en Vanessa Olivier
Makhua Bybelbediening
Mosambiek

Koos Saaiman
Ouderling: Sending
Wêreldfokus






Coen en Suria Scholtz
Ethnos Movement International



Ds 'Dries en Marlee Volschenk
Child Evangelism Fellowship



Lukas en Rebekka Lebalelo
Boikhutso, Blydeville,
sopkombuis,
Lichtenburg en plase



Aretha Prinsloo
Wêreldfokus  Mobiliseerder
Turkse Bediening



Petrus Mere
Botswana



Jacques Kotze
Gideons